


DIE BYDRAE VAN SOMMIGE GISTINGSGEURSTOWWE TOT

DIE GEUR VAN DROË WITWYNE

C.A. VAN DER MERWE



SKRIPSIE INGELEWER VIR DIE GRAAD VAN MAGISTER IN LANDBOU
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

PROMOTOR: PROF. C.J. VAN WYK

MAART 1979

DANKBETUIGINGS

HIERMEE MY HARTLIKE DANK AAN DIE VOLGENDE:

PROF. C.J. VAN WYK, MY PROMOTOR, WAT MET SY VRIENDELIKE TEGEMOETKOMENDHEID EN BELANGSTELLING VIR MY 'N GROOT INSPIRASIE WAS. DIT IS IN 'N HOË MATE AAN HOM TE DANKE DAT DIE STUDIE MY SOVEEL PLESIER VERSKAF HET. AAN HOM IS EK OOK BAIE DANK VERSKULDIG VIR GOEIE WENKE, ASOOK VIR DIE BEOORDELINGSFASILITEITE, GASCHROMATOGRawe EN ANDER LABORATORIUMGERIEWE WAARVAN EK GEBRUIK KON MAAK.

ANDER PERSONEELLEDE VAN DIE DEPARTEMENT VAN WYNKUNDE WAT MY MET RAAD EN DAAD BYGESTAAN HET.

DIE DEPARTEMENT VAN LANDBOU TEGNIESE DIENSTE VIR DIE VERLOF OM DIE RESULTATE VAN 'N GEREGISTREERDE NAVORSINGSPROJEK VIR DIE DOEL VAN 'N SKRIPSIE AAN TE WEND.

DIE BESTUUR VAN DIE NAVORSINGSINSTITUUT VIR WYNKUNDE EN WINGERDBOU VIR DIE APPARAAT EN DIE PROELOKAAL WAT TOT MY BESKIKKING GESTEL IS.

DIE DIREKTEUR EN PERSONEEL VAN DIE REKENSENTRUM VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH VIR DIE HULP EN RAAD WAT AAN MY VERLEEN IS MET DIE VERWERKING VAN DIE DATA EN DIE DOKUMENTERING VAN DIE SKRIPSIE.

DIE LEDE VAN DIE PROEPANELE SONDER WIE SE HULP EN BELANGSTELLING HIERDIE STUDIE NIE MOONTLIK SOU WEES NIE.

DIE STELLENBOSCH-BOEREWYNMAKERY VIR DIE VERSKAFFING VAN WYNE WAT BENODIG IS.

DISTILLERS-KORPORASIE (SA) BPK VIR DIE MOEROLIE.

MY VROU TRUIDA VIR HAAR AANMOEDIGING, BYSTAND EN OPOFFERING.

ONS HEMELSE VADER VIR KRAG, GESONDHEID EN GENADE.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1	3
1. Inleiding	3
1.1 Wyngeurkomponente	3
1.1.1 Wisselwerking tussen chemiese verbindings	6
1.2 Wynbeoordeling	8
1.2.1 Beoordelaars	8
1.2.2 Beoordelingsmetodes	11
1.2.2.1 Rangordebeoordelings	12
1.2.2.2 Puntetoekenning	12
1.2.2.3 'n Kombinasie van rangordebeoordeling en puntetoekenning	13
1.2.2.4 Vergelykingsbeoordelings	13
1.2.2.5 Die Hedoniese Skaal	14
HOOFSTUK 2	15
2. Materiaal en metodes	15
2.1 Keuse van komponente en konsentrasiepeile	15
2.2 Die suiwering van die geurkomponente	17
2.3 Die media waarby die geurkomponente gevoeg is	18
2.3.1 Die sultanawyn	18
2.3.2 Die kommersiële wyne	19
2.3.3 Die met aktiewe koolstof behandelde wyne	19
2.3.4 Die met freon geëkstraheerde wyne	19
2.4 Die beoordeling van die wyne	20
2.4.1 Die beoordelaars	20
2.4.2 Beoordelingsmetodes	21
2.5 Verwerking van die data	26
2.6 Ontledingsmetodes	27
HOOFSTUK 3	28
3. Resultate en bespreking	28
3.1 Die suiwerheid en drempelwaardes van die komponente wat toegevoeg is	28
3.2 Ontestering en wynsamestelling	29
3.3 Evaluasie van die beoordelingsmetodes en die -paneel	34
3.3.1 Die gepaarde verskilmetode	34
3.3.2 Die hedoniese skaal	38

3.4 Die invloed van toevoegings van estermengsels by verskillende media	44
3.4.1 Toevoegings van estermengsels by 'n neutrale sultanawyn	44
3.4.2 Estertoevoegings by geaktiveerde koolstof behandelde wyne	46
3.4.3 Estertoevoegings by ontesterde wyne	52
3.4.3.1 Konsentrasiewisseling van die Esters	55
3.4.3.2 Die effek van weglating van individuele esters uit estermengsels	58
3.4.3.3 Die effek van tydsverloop tussen toevoeging en evaluering	61
3.4.3.4 Die effek van die medium op die bydrae van die esters	67
3.4.4 Die bydrae van die asetaatesters tot wyngeur	73
3.4.4.1 Die bydrae van 'n mengsel van asetaat tot wyngeur	73
3.4.4.2 Die invloed van etielasetaat op wyngeur	76
3.4.4.3 Die bydrae van isoamielasetaat tot wyngeur	80
3.5 Die effek van 2-fenetiesasetaat op geurkwaliteit	82
3.5.1 Die invloed van 'n mengsel van etielesters op wyngeur	84
3.5.2 Die invloed van moerolie op die sultanawyn	86
3.6 Hoëralkohole en die kwaliteit en intensiteit van wyn	89
 HOOFSTUK 4	 96
4 SLOTSOM	96
4.1 Die esters	96
4.2 Die hoëralkohole	97
4.3 Die suiwering van die geurkomponente	98
4.4 Die beoordelingspaneel	98
4.5 Verdere projekte	98
 BIBLIOGRAFIE	 100

HOOFSTUK 1

1. INLEIDING

DIE KWALITEITSVERBETERING VAN WYNE IS 'N ONDERWERP WAT REEDS BAIE AANDAG GENIET HET EN NOG STEEDS BAIE AANDAG VERDIEN. METODEDES OM DIE KWALITEIT VAN WYNE TE VERBETER, GAAN GEPAARD MET DIE IDENTIFISERING VAN DIE FAKTORE WAT WYNKWALITEIT BEÏNVLOED. VAN DIE VERNAAMSTE FAKTORE IS DIE GEHALTE VAN DIE DRUIWE WAARVAN DIE WYN GEMAAK WORD, DIE WYNBEREIDINGSTEGNIEKE EN DIE VEROUDERINGSPROSESSE VAN DIE WYN. DIE WYNBEREIDING IS EEN VAN DIE PROSESSE WAT DIE KWALITEIT VAN DIE WYN OP VERSKEIE WYSES KAN BEÏNVLOED, AANGESIEN VAN DIE MEES DRASTIESE VERANDERINGE TYDENS DIE GISTINGSPROSES DEUR DIE GISSELLE TEWEEGGEBRING KAN WORD. DIE GISSEL VERWERK DIE DRUIWESUIKER NA ALKOHOL OM ENERGIE VIR DIE VOORTBESTAAN DAARVAN TE VERSEKER. TYDENS HIERDIE OMSETTING VORM BAIE NEWEPRODUKTE WAT DIE WYNKWALITEIT POSITIEF OF NEGATIEF KAN BEÏNVLOED. DIE AARD EN IDENTITEIT VAN BAIE VAN HIERDIE VERBINDINGS IS REEDS BEKEND, MAAR VAN DIE BESONDERE BYDRAE VAN SOMMIGE, ENKEL OF GESAMENTLIK, IS MIN BEKEND.

1.1. WYNGEURKOMPONENTE

DAAR IS REEDS DIKWELS IN DIE LITERATUUR AANGETOON DAT WISSELENDE HOEVEELHEDE VAN DIE NEWEPRODUKTE ONDER VERSKILLENDE

KELDERTEGNOLOGIESE TOESTANDE GEVORM WORD, WAT MOONTLIK VERBAND KAN HOU MET DIE VERSKILLE IN DIE KWALITEIT VAN DIE WYNE WAT BEREI WORD. NAVORSING HET AANGETOON DAT KELDERTEGNOLOGIESE FAKTORE SOOS TROEBELMOSTE EN HOË TEMPERATURE, WAT AANLEIDING GEE TOT WYNE VAN SWAKKER GEHALTE, OOK MEER HOËRALKOHOLE EN MINDER ESTERS BEVAT AS WYNE WAT BEREI IS VAN BLINK MOSTE OF WYNE WAT BY LAER TEMPERATURE GEGIS HET. (WEBB & INGRAHAM(1963), RIBEREAU-GAYON, LAFON-LAFOURCADE EN BERTRAND (1976) EN VAN WYK (1978A)). GROAT & OUGH(1978) HET OOK ESTERVERLAGINGS EN FOESELOLIEVERHOGINGING GEKRY MET DIE TOEVOEGING VAN VASTE PARTIKELS, MAAR KON NIE 'N VERBAND AANDUI TUSSEN DIE GEURKOMPONENTE EN WYNKWALITEIT NIE. IN STUDIES WAAR VAN MEERVOUDIGE REGRESSIE-ANALISE GEBRUIK GEMAAK IS, IS AANGETOON DAT DAAR 'N STERK POSITIEWE KORRELASIE BESTAAN TUSSEN DIE ESTERKONSENTRASIE EN DIE KWALITEIT VAN DIE WYNE, EN 'N STERK NEGATIEWE KORRELASIE TUSSEN DIE HOËRALKOHOLE EN WYNKWALITEIT (WAGENER EN WAGENER(1968)). DU PLESSIS (1975) VERMELD DAT, ALHOEWEL ETIELOKTANOAT BAIE GOED POSITIEF MET WYNKWALITEIT KORRELEER, GEEN BETEKENISVOLLE VERSKILLE IN WYNKWALITEIT VERKRY KON WORD DEUR DIE TOEVOEGING DAARVAN BY 'N WYN NIE.

ALHOEWEL DAAR REEDS IN DIE LITERATUUR DIE STELLING GEMAAK WORD DAT ESTERS 'N POSITIEWE BYDRAE TOT DIE KWALITEIT MAAK, VERAL TOT DIE GEUR VAN DIE WYN, IS DIT SLEGS IN PINOTAGE (VAN WYK, AUGUSTYN, DE WET EN JOUBERT(1977)) WAAR DIE ROL VAN ESTERS NL. DIE VAN ISOAMIELASETAAT ONOMWONDE AANGETOON IS. OM TE BEPAAL OF DIE KOMPONENTE WAT TYDENS GISTING GEVORM WORD WEL DIE KWALITEIT VAN

DIE WYN BEÏNVLOED EN TOT WATTER MATE DIT 'N BYDRAE TOT WYNKWALITEIT MAAK, IS DIT NODIG OM HIERDIE VERBINDINGS IN 'N SUIWER VORM BY 'N WYN OF 'N WYNMEDIUM TE VOEG EN DIE WYNE DAN SINTUIGLIK TE BEOORDEEL. DIE DOEL VAN HIERDIE STUDIE WAS OM DIE SUIWER GEURVERBINDINGS WAT ALGEMEEN IN WIT TAFELWYNE AANGETREF WORD EN IN HIERDIE GEVAL SPESIFIEK HOËRALKOHOLE EN ESTERS BY 'N WYNMEDIUM TE VOEG EN DIE BYDRAE VAN DIE VERBINDINGS OP DIE GEURKWALITEIT VAN DIE PRODUK D.M.V. 'N PROEPANEEL MET DIE NEUS TE BEPAAL.

DAAR IS REEDS BAIE GEURSTOWWE (CA. 400) IN ALKOHOLIESE DRANKE EN IN WYNE GEÏDENTIFISEER (KAHN(1969)). OMDAT HULLE KONSENTRASIES EN DREMPELWAARDES BAIE WISSEL, IS DIE BYDRAES WAT DIE VERBINDINGS TOT WYNGEUR MAAK, BAIE UITEENLOPEND EN MOET GEKIES WORD, WATTER GEURSTOWWE TEEN WATTER KONSENTRASIES GEËVALUEER MOET WORD. DIE GEURDREMPELWAARDES EN DIE KONSENTRASIES WAARTEEN DIE VLUGTIGE VERBINDINGS IN WYNE AANGETREF WORD, IS DEURSLAGGEWEND BY SO 'N KEUSE, DAAR DIT 'N AANDUIDING IS VAN DIE BYDRAE WAT DIE VERBINDING KAN MAAK. OP GROND VAN DIE KONSENTRASIES WAARTEEN HIERDIE VERBINDINGS IN WYNE VOORKOM EN HULLE DREMPELWAARDES IS DIT DUS MOONTLIK OM BAIE VAN HIERDIE VERBINDINGS VOORLOPIG TE ELIMINEER, OMDAT DIT FEITLIK FISIES ONMOONTLIK IS OM DIE GESAMENTLIKE BYDRAE VAN ALMAL TE EVALUEER. HIERDIE STUDIE IS BEPERK TOT DIE BYDRAE VAN SOMMIGE VLUGTIGE GEURSTOWWE WAT TYDENS GISTING GEVORM WORD EN WAT TEEN KONSENTRASIES BOKANT HULLE DREMPELWAARDES IN WYNE AANWESIG IS. DIE GEURSTOWWE WAT DIE MEESTE ONTLEED IS EN WAARVAN

DIE MEESTE INLIGTING BEKEND IS, IS DIE ETIELESTERS VAN ETANOË-, HEKSANOË-, OKTANOË- EN DEKANOËSUUR EN DIE ASETAATESTERS VAN ISOAMIËL-, HEKSIËL- EN 2-FENETIËLALKOHOL. DAAR IS GEPOOG OM VAS TE STEL IN WATTER MATE HIERDIE VERBINDINGS DIE GEURKWALITEIT EN -INTENSITEIT VAN 'N WYN BEÏNVLOED. VERDER IS NAGEGAAN WAT DIE INVLOED VAN SOMMIGE VAN DIE HOËRALKOHOLE IS OP DIE BYDRAES WAT DIE ESTERS TOT WYNKWALITEIT MAAK.

1.1.1. WISSELWERKING TUSSEN CHEMIESE VERBINDINGS

DIE INVLOED WAT CHEMIESE VERBINDINGS OP MEKAAR HET, SPEEL 'N BAIE BELANGRIKE ROL IN DIE GEURBYDRAES VAN SULKE VERBINDINGS. DIE AARD VAN DIE WISSELWERKING DAARVAN, SOOS DEUR VERSKEIE NAVORSERS BEVIND IS, KAN KORTLIKS SOOS VOLG IN DIE WOORDE VAN ZWAARDEMAKER (HARPER 1972) SAAMGEVAT WORD:

- 1) TWEE GEURE KAN MEKAAR NEUTRALISEER.
- 2) DIE GEURE MAG OSSILEER IN DOMINANSIE.
- 3) DIE EEN GEUR MAG DIE ANDER VERSTERK.
- 4) 'N TOTAAL NUWE GEURKWALITEIT MAG ONTSTAAN.

DIE MATE VAN ONDERDRUKKING VAN TWEE GEURSTOWWE OP MEKAAR WORD OMVATTEND DEUR CAIN (1975), WAT DIE EFFEK OP VERSKILLENDE WYSES GEËVALUEER HET, BESPREEK. DIE ONDERDRUKKENDE EFFEK VAN NIE-VLUGTIGE KOMPONENTE IN 'N MEDIUM OP DIE DREMPELWAARDE VAN 'N VLUGTIGE KOMPONENT IS DEUR AHMED, DENNISON, DOUGHERTY EN SHAW (1978) AANGETOON. MEILGAARD (1975) MELD DAT DIT AS 'N ALGEMENE

REËL AANVAAR KAN WORD DAT EENDERSE GEURE MEKAAR VERSTERK, D.W.S ADDITIEF IS, TERWYL UITEENLOPENDE GEURE ONAFHANKLIK IS. GEURE WAT VERWANT IS, TOON VERSKILLENDE GRADE VAN INTERAKSIE. HY MELD VERDER DAT BY KONSENTRASIES BENEDE DIE DREMPELWAARDES VAN DIE VERBINDINGS DAAR GEEN STERK SINERGISME OF ANTAGONISME IS NIE.

DIE PSIGOFISIESE ASPEKTE VAN GEUREVALUERING IS BAIE INGEWIKKELD EN NOG NIE VOLLEDIG OPGEKLAAR NIE. 'N PSIGOFISIESE ANALISE VAN DIE GEUR VAN MENGSELS VAN CHEMIESE VERBINDINGS IS DEUR MOSKOWITZ, DUBOSE & REUBEN (1977) GEMAAK. DIE DOEL VAN HULLE STUDIE WAS OM WISKUNDIGE MODELLE TE ONTWIKKEL VIR BESKRYWING VAN ENKELGEURSTOWWE EN DIT DAN TE VERGELYK MET DIE GEURE VAN MENGSELS OM SODOENDE DIE WISSELWERKING TE VERKLAAR. 'N BELANGRIKE GEVOLGTREKKING WAT GEMAAK IS, IS DAT ALHOEWEL DIE INTENSITEIT VAN DIE GEUR VAN 'N ENKELKOM- PONENT 'N FUNKSIE IS VAN DIE KONSENTRASIE DAARVAN, IS DIT NIE NOODWENDIG DIE GEVAL MET MENGSELS NIE, HOOFSAAKLIK A.G.V. DIE ONDERDRUKKING VAN SO 'N GEUR DEUR ANDER KOMPONENTE IN DIE MENGSEL. DIE AANVAARBAARHEID VAN DIE GEUR VAN 'N MENGSEL WORD BEPAAL DEUR DIE VERHOUDING VAN GUNSTIGE EN ONGUNSTIGE GEURE IN DIE MENGSEL EN HULLE WEDERSYDSE INVLOED OP MEKAAR. DIT IS DUIDELIK DAT ALLE KOMPONENTE IN 'N MEDIUM DIE GEUR VAN ELKE ANDER KOMPONENT IN DIE MEDIUM ONDERLING KAN BEÏNVLOED. DAAR KAN DUS VERWAG WORD DAT DIE MEDIUM WAARBY 'N KOMPONENT GEVOEG WORD AS SODANIG DIE BYDRAE VAN DAARDIE SPESIFIEKE KOMPONENT SAL BEÏNVLOED. OMDAT DIE MEDIUM SO BELANGRIK IS, IS IN HIERDIE STUDIE MEER AS EEN MEDIUM GEBRUIK OM HIERDIE EFFEK TE ILLUSTRER.

1.2. WYNBEOORDELING

1.2.1. BEOORDELAARS

DIE BEOORDELING VAN VOEDSELSTOORTE EN DRANKE IS 'N ONDERWERP WAAROR REEDS BOEKDELE GESKRYWE IS (HARPER 1972). VERSKEIE METODEDES WORD GEBRUIK OM DIE GEURE, SMAKE EN AANVAARBAARHEID VAN VOEDSELSTOORTE TE EVALUEER. DIE MEES ALGEMENE 'INSTRUMENT' WAT VIR KWALITEITSMETING GEBRUIK WORD, IS 'N PANEEL VAN BEOORDELAARS. DIE GROOTSTE NADEEL VAN 'N BEOORDELAAR IS DAT HY SUBJEKTIEF EN MAKLIK BEÏNVLOEDBAAR IS. (KÜSTER 1975). TEN SPYTE VAN HIERDIE NADEEL IS DIE GEBRUIK VAN PROEPANELE NOODSAAKLIK, AANGESIEN GEEN INSTRUMENT NOG ONTWERP IS WAT DIE MENS SE GELYKE IS OM VERBINDINGS WAT IN LAE KONSENTRASIES 'N REUSEGEURBYDRAE HET, WAAR TE NEEM NIE. OM VOORSIENING TE MAAK VIR DIE VARIËRENDE GEDRAG VAN DIE BEOORDELAAR, WORD GEWOONLIK GEBRUIK GEMAAK VAN 'N PANEEL VAN BEOORDELAARS. HOE MEER BEOORDELAARS, HOE KLEINER IS DIE INVLOED VAN 'N ENKELE BEOORDELAAR. DIE AANTAL BEOORDELAARS WAT BENODIG WORD, WORD DEUR DIE VOLGENDE FAKTORE BEPAAL:

- 1) DIE GROOTTE VAN DIE VERSKILLE TUSSEN DIE MONSTERS. BASKER (1977A) BEWEER DAT DIE MINIMUM SMAAKVERSKILLE WAT TUSSEN TWEE MONSTERS MAG BESTAAN, AANGETOON SAL WORD INDIEN DIE PANEEL GROOT GENOEG IS.
- 2) DIE AANTAL BEOORDELINGS WAT UITGEVOER WORD. DEUR DIESELFDE WYN MEERMALE DEUR 'N KLEIN PANEEL TE LAAT BEOORDEEL, KAN

DIESELFDE RESULTAAT VERKRY WORD AS WANNEER 'N PANEEL BESTAANDE UIT 'N GROOT AANTAL BEOORDELAARS DIE WYN MINDER MALE SOU BEOORDEEL.

MEILGAARD (1975) EN DE WET(1978) HET GEWOONLIK 12 BEOORDELAARS GEBRUIK OM ONDERSKEIDELIK BIER- EN WYNMONSTERS VIER OF VYF MAAL TE EVALUEER.

BEOORDELAARS VERSKIL OOK IN HULLE VERMOË OM SEKERE VERBINDINGS WAAR TE NEEM. SUOMALAINEN (1971) HET AANGETOON DAT BEOORDELAARS WAT SENSITIEF IS VIR SOMMIGE VERBINDINGS, MINDER SENSITIEF IS VIR ANDER VERBINDINGS. HIERDIE VERSKILLE IN DIE VERMOËNS VAN BEOORDELAARS MAG O.A. VERANTWOORDELIK WEES VIR DIE GROOT VARIASIE WANNEER 'N BEOORDELINGSPANEEL DIESELFDE WYN BEOORDEEL. BROWN, CLAPPERTON, MEILGAARD EN MOLL (1978) BEWEER DAT DIE VERSKIL IN SENSITIWITEIT VAN DIE BEOORDELAARS DIE GROOTSTE BRON VAN VARIASIE BY DREMPELWAARDEBEPALINGS IS.

WYN IS 'N BAIE KOMPLEKSE MEDIUM WAT BESTAAN UIT 'N GROOT VERSKEIDENHEID VERBINDINGS WAT TEEN VARIËRENDE KONSENTRASIES IN VERSKEIE WYNE AANGETREF WORD. DIE VERSKILLE TUSSEN BEOORDELAARS SOOS HIERBO AANGEDUI IS, MAAK DIT DERHALWE NODIG DAT 'N PANEEL BEOORDELAARS SAAMGESTEL WORD VIR 'N SPESIFIEKE DOEL. WANNEER DIE KWALITEIT VAN 'N WYN DUS BEOORDEEL WORD, IS DIT NOODSAAKLIK DAT DIE PANEELLEDE ONDERVINDING EN KENNIS VAN WYNE MOET HÊ, BO EN BEHALWE HULLE VERMOË OM DIE GEURE IN DIE WYN WAAR TE NEEM. DIE GESINDHEID WAARMEE 'N BEOORDELAAR DIE WYNE BEOORDEEL, IS VAN GROOT

BELANG EN DIE BEOORDELAARS MOET GEÏNTERESSEERD WEES IN DIE WYNE WAT HULLE BEOORDEEL. AMERINE EN ROESSLER (1976) MELD DAT BEOORDELAARS TEN VOLLE INGELIG MOET WEES SODAT HULLE GEÏNTERESSEERD EN GEMOTIVEERD KAN WEES EN HULLE BELANG BY DIE BEOORDELINGS BESEF. AS GEVOLG VAN DIE SUBJEKTIWITEIT EN BEÏNVLOEDBAARHEID VAN BEOORDELAARS IS DIE BEOORDELAARS IN HIERDIE ONDERSOEK NOOIT INGELIG OOR DIE AARD VAN DIE WYNE WAT OP 'N SEKERE TYDSTIP BEOORDEEL IS NIE. SOMMIGE BEOORDELAARS WAS EGTER BEWUS VAN DIE DOEL VAN DIE STUDIE WAT ONDERNEEM IS.

'N VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN DIE WERKING VAN DIE REUKSINTUIG WORD DEUR HARPER (1972) GEGEE. IN VERBAND MET DIE UITPUTTING VAN DIE REUKORGAAN, ONDERSKEI HY TUSSEN LANGTERMYN- EN KORTTERMYN-UITPUTTING. VOLGENS HOM IS DAAR SELFS NAVORSERS WAT VAN HIERDIE UITPUTTING OF VERSADIGING VAN DIE REUKSINTUIG GEBRUIK MAAK OM VERSKILLENDE KOMPONENTE IN 'N KOMPLEKSE MEDIUM TE IDENTIFISEER. DIE TEMPO WAARTEEN DIE BEOORDELAARS DIE WYNE EVALUEER, MAG MOONTLIK HULLE HERHAALBAARHEID BEÏNVLOED. TEN SPYTE VAN DIE FEIT DAT DIT SOMS GESKYN HET OF DIE PERSONE WAT VINNIG BEOORDEEL MINDER KONSEKWENT WAS AS ANDER, KON DIT NIE MET STELLIGHEID BEWYS WORD NIE. FRIJTERS (1977) HET D.M.V. DIE DRIEHOEKSMETODE BEWYS DAT DIE TEMPO VAN BEOORDELING, D.W.S. DIE TYDSVERLOOP TUSSEN DIE MONSTERS, NIE DIE BEOORDELAARS BEÏNVLOED HET NIE. DIE TYD WAT AAN BEOORDELINGS AFGESTAAN WORD, IS BELANGRIK, WANT WYNBEOORDELING VERG BAIE KONSENTRASIE VAN DIE BEOORDELAAR. LANG PERIODES VAN BEOORDELING, VERAL WANNEER 'N GROOT AANTAL WYNE BEOORDEEL WORD, IS

VERMOEIEND EN KAN DIE BEOORDELING NADELIG BEÏNVLOED. DIE TYD NODIG PER MONSTER VARIEER VAN BEOORDELAAR TOT BEOORDELAAR. DAAR BEHOORT DUS GENOEG TYD TOEGELAAT TE WORD SODAT 'N GOEIE OORDEEL GEVORM KAN WORD.

DIE AANTAL MONSTERS WAT GERIEFLIK BEOORDEEL KAN WORD, IS AFHANKLIK VAN DIE AANTAL EIENSKAPPE WAT BEOORDEEL MOET WORD. BY DIE NAVORSINGSINSTITUUT VIR WYNKUNDE EN WINGERDBOU WORD 20 WYNE NORMAALWEG PER SESSIE BEOORDEEL. AMERINE EN ROESSLER (1976) BEVEEL AAN DAT NIE MEER AS VYF TOT TIEN WYNE PER SESSIE BEOORDEEL WORD NIE. HULLE GEE TOE DAT WANNEER WYNE SLEGS GEËLIMINEER MOET WORD, 'N VERSIGTIGE BEOORDELAAR 20 TOT 50 MONSTERS KAN BEOORDEEL. WANNEER UITEENLOPENDE WYNTIPES BEOORDEEL WORD, KAN TOT 18 MONSTERS IN TWEE UUR TEN VOLLE BEOORDEEL WORD. IN VERGELYKINGSBEOORDELINGS MOET HEELWAT MINDER MONSTERS BEOORDEEL WORD.

1.2.2. BEOORDELINGSMETODES

NORMAALWEG WORD BY PANEEL-EVALUERING VAN DIE DRIEHOEKSMETODE GEBRUIK GEMAAK OM BEOORDELAARS TE EVALUEER (RANKINE (1971) EN BASKER (1977)). BEOORDELAARS KAN OOK GEËVALUEER WORD DEUR ANDER BEOORDELINGSMETODES SOOS DIE GEBRUIK VAN PUNTEKAARTE OMDAT HULLE DIESELFDE WYNE HERHAALDELIK EVALUEER EN DIE HERHALINGS DAN VERGELYK WORD. DIE NADEEL VAN SO 'N METODE IS DAT BEOORDELAARS WAT ONSEKER VAN HULLE SELF IS, GENEIG IS OM IN HULLE PUNTETOEKENNING NIE DIE VOLLE PUNTESKAAL TE BENUT NIE, DOG EERDER 'N WAARDE RONDON

DIE GEMIDDELDE TOE TE KEN. DIE VERSKYNSEL IS BEKEND AS 'ERROR OF CENTRAL TENDENCY' (AMERINE EN ROESSLER (1976)). IN HIERDIE STUDIE IS DIE BEOORDELAARS VOLGENS DIESELFDE METODES AS WAT VIR DIE WYNEVALUERING GEBRUIK IS, GEËVALUEER DEUR DIESELFDE WYNE HERHAALDELIK TE LAAT BEOORDEEL. HIERONDER VOLG 'N UITEENSETTING VAN 'N PAAR BEOORDELINGSMETODES WAT VANDAG ALGEMEEN GEBRUIK WORD:

1.2.2.1. RANGORDEBEOORDELINGS

ALHOEWEL RANGORDEBEOORDELINGS EEN VAN DIE BESTE METODES IS OM WYNE ONDERLING MET MEKAAR TE VERGELYK, IS DIT NIE MOONTLIK OM DIE WYNE INDIREK MET ANDER WYNE TE VERGELYK NIE, WANT HIERDIE METODE HET DIE NADEEL DAT DIT GEEN AANDUIDING VAN DIE WERKLIKE KWALITEIT VAN DIE WYNE GEE NIE. HIERDIE NADEEL WORD OOK DEUR HARPER (1972) AANGETOON VIR DIE RANGORDEPLASING VAN BREIWERK. 'N VOLLEDIGE UITEENSETTING VAN DIE METODES OM DIE DATA VAN RANGORDEBEOORDELINGS STATISTIES TE VERWERK, WORD DEUR HARPER (1972) VERSKAF.

1.2.2.2. PUNTETOEKENNING

DIE METODE IS GEBASEER OP 'N STELSEL WAARVOLGENS 'N PUNT AAN 'N WYN TOEGEKEN WORD, GEWOONLIK AS DIE SOM VAN PUNTE TOEGEKEN AAN VERSKEIE EIENSKAPPE VAN DIE WYN. DIE PUNT WORD TOEGEKEN UIT 'N MAKSIMUMPUNT VOLGENS 'N BESKRYWENDE AANDUIDING VAN DIE KWALITEITSGRAAD WAT DIE WYN MOET HE OM 'N SEKERE PUNT TE VERDIEN (TROMP (1978)). HIERDIE METODE VAN BEOORDELING STAAN BEKEND AS

KATEGORIEBEOORDELING EN HET DIE NADEEL DAT DIE PUNTE OP 'N ORDINAALSKAAL TOEGEKEN WORD EN DUS NIE GESKIK IS VIR NORMALE PARAMETRIESE VERWERKINGS NIE. BY DIE MEESTE WYNBEOORDELINGS WORD VAN 'N STELSEL VAN PUNTETOEKENNING GEBRUIK GEMAAK WORD, MAAR DIT IS NIE STATISTIES KORREK OM DIE DATA MET GEWONE PARAMETRIESE METODES TE VERWERK NIE (KRAMER, KAHAN, COOPER EN PAPAVALION (1974) EN MOSKOWITZ (1977)). DIE GROOT VOORDEEL VAN DIE METODE IS EGTER DAT DIE WYNE VAN VERSKILLENDE BEOORDELINGSGELEENTHEDE MET MEKAAR VERGELYK KAN WORD, SELFS OOK WYNE WAT IN VERSKILLENDE JARE BEOORDEEL IS.

1.2.2.3. 'N KOMBINASIE VAN RANGORDEBEOORDELING EN PUNTETOEKENNING

SOMS WORD 'N KOMBINASIE VAN RANGORDEBEOORDELING EN PUNTETOEKENNING GEBRUIK. DIE BEOORDELAARS WORD VERSOEK OM DIE WYNE VOLGENS VORKEUR TE RANGSKIK EN DAN PUNTE AAN DIE WYNE TOE TE KEN VOLGENS 'N BEPAALDE PUNTESISTEEM. DIE NADEEL VAN HIERDIE METODE IS DAT DIE BEOORDELAAR NIE DIE WYNE AFSONDERLIK PUNTE TOEKEN NIE, MAAR HOM LAAT BEÏNVLOED DEUR DIE RANGORDEPLASINGS. INDIEN PRAKTIES MOONTLIK, BEHOORT BEIDE DIE BEOORDELINGS OP AL DIE WYNE GEDOEN TE WORD, MAAR BY VERSKILLENDE BEOORDELINGSGELEENTHEDE. DIE KOMMENTAAR WAT DIE BEOORDELAAR BY ALBEI GELEENTHEDE LEWER, KAN DAN OOK MET MEKAAR VERGELYK WORD.

1.2.2.4. VERGELYKINGSBEOORDELINGS.

VERGELYKINGSBEOORDELINGS BEHEL, SOOS IN DIE GEVAL VAN RANGORDEBEOORDELINGS, DAT DIE WYN MET 'N ANDER WYN, GEWOONLIK 'N KONTROLE, VERGELYK WORD (HARPER(1972)). DIE KONTROLE- OF VERWYSINGSWYN DIEN AS 'N MAATSTAF WAARVOLGENS DIE ANDER WYN DAN BEOORDEEL KAN WORD. HIERDIE TIPE BEOORDELINGS KAN UITGEVOER WORD D.M.V. GEPAARDE MONSTER-, DUO-TRIO-, DRIEHOEKS- EN DIE VEELVULDIGE VERSKILMETODE (WAAR 'N HELE REEKS WYNE MET DIESELFDE KONTROLE VERGELYK WORD) (CLAPPERTON(1974)).

1.2.2.5. DIE HEDONIESE SKAAL

DIE HEDONIESE SKAAL WAT GEBRUIK WORD OM DIE AANVAARBAARHEID VAN DIE PRODUK WAT GEËVALUEER WORD, AAN TE DUI, IS 'N KWALITEITSKAAL. (PERYAM & PILGRIM (1957)). DIE VORM WAT DIE SKAAL GEWOONLIK AANNEEM, IS 'N LYS TERME WAT DIE GRAAD VAN AANVAARBAARHEID TOON EN DIE PUNT WAT DAARMEE GEASSOSIEER WORD. DIE SKAAL WORD WYD AANGETREF IN DIE EVALUERING VAN VOEDSELS EN DRANKE. (AMERINE EN ROESSLER (1976) EN MOSKOWITZ (1977)).

HOOFSTUK 2

2. MATERIAAL EN METODES

2.1. KEUSE VAN KOMPONENTE EN KONSENTRASIEPEILE

OM BOGENOEMDE KEUSE TE MAAK, IS BESLUIT OM NIE 'N WERKWYSE TE VOLG WAAR ALLE BEKENDE WYNKOMPONENTE TEEN ALLE MOONTLIKE KOMBINASIES BY 'N WYN GEVOEG WORD NIE, MAAR OM LIEWER DIE KONSENTRASIES VAN DIE KOMPONENTE TE VARIEER TEEN PEILE WAARTEEN DIT ALGEMEEN IN WYNE VOORKOM EN OP DIE WYSE GEURSTOFKOMBINASIES, WAT NIE SINVOL IS NIE, UIT TE SKAKEL. OM VAS TE STEL TEEN WATTER KONSENTRASIES DIE VERBINDINGS TOEGEVOEG MOET WORD, IS BESTAANDE DATA VAN WYNONTLEDINGS GEËVALUEER (MARAIS, DU PLESSIS EN VAN ROOYEN (1978)) EN OP HIERDIE WYSE IS DIE VOLGENDE WYNESTERS GESELEKTEER:

ISOAMIELASETAAT (3-METIEL-BUTIELASETAAT) (IAA)

N-HEKSIELASETAAT (NHA)

2-FENETIELASETAAT (2-FEA)

ETIEL-N-HEKSANOAT (EC6)

ETIEL-N-OKTANOAT (EC8)

ETIEL-N-DEKANOAT (EC10)

DAAR IS BESLUIT OM AANVANKLIK EERS VAN HIERDIE INLIGTING GEBRUIK TE MAAK OM 'N VERTREKPOINT TE KRY IN DIE ONDERSOEK. ALHOEWEL HEELWAT WISSELING IN DIE KONSENTRASIES VAN HIERDIE ESTERS VOORGEKOM HET, WAS DIT DUIDELIK DAT SEKERE KONSENTRASIES MEER

ALGEMEEN VOORKOM EN OOK GEPAARD GAAN MET 'N HOËR KWALITEITSPUNT, SOOS AANGETOON DEUR SENSORIESE EVALUASIE T.O.V. DIE GEUR VAN DIE WYN. TABEL 1 GEE DIE GEMIDDELDE WAARDE VAN 'N AANTAL ESTERS IN 65 STEENWYNE, SOWEL AS DIE GRENSE WAARTUSSEN DIE ESTERKONSENTRASIES VOORGEKOM HET. DIE WYNE WAT MEER AS 65% BEHAAL HET MET NEUSBEOORDELING, SE GEURSTOFSAMESTELLING IS GEBRUIK OM DIE VOLGENDE ESTERKONSENTRASIES AS VERTREKPUNT TE KIES:

IAA = 6,0 MG/L

NHA = 0,5 MG/L

2-FEA = 1,0 MG/L

EC6 = 1,0 MG/L

EC8 = 1,0 MG/L

EC10 = 0,5 MG/L

MET HIERDIE KOMBINASIE VAN ESTERS IS ENKELE BEOORDELINGS UITGEVOER WAARVAN DIE DATA IN TABEL 10 VERSKAF WORD. DIE KONSENTRASIES VAN DIE KOMPONENTE IN DIE KOMBINASIES IS METTERTYD, SOOS DIE BEOORDELINGSDATA INGESAMEL EN VERWERK IS, GEWYSIG SOOS LATER BY DIE ONDERSKEIE TABELLE AANGETOON WORD.

TABEL 1. DIE MINIMUM- , MAKSIMUM- EN GEMIDDELDE WAARDES VAN SES ESTERS VIR 65 DROË WIT STEENWYNE*

ESTER	MINIMUM :	GEMIDDELD :	MAKSIMUM :
ISOAMIELASETAAT	0,68	3,78	9,52
N-HEKSIELASETAAT	0,00	0,40	1,19
2-FENETIELASETAAT	0,00	0,24	7,50
ETIEL-N-HEKSANOAAAT	0,55	1,05	1,19
ETIEL-N-OKTANOAAAT	0,57	1,49	2,38
ETIEL-N-DEKANOAAAT	0,15	0,43	0,71

*DIE DATA IN DIE TABEL IS BEPAAL EN VERSKAF DEUR J. MARAIS, NIWW, STELLENBOSCH.

BENEWENS DIE WISSELING VAN DIE KONSENTRASIES VAN INDIWIDUELE KOMPONENTE IN BEPAALDE MENGSELS, IS SEKERE MENGSELS OOK IN VEELVOUDE VAN DIE OORSPRONKLIKE KONSENTRASIES BY DIE WYNMEDIA GEVOEG.

2.2. DIE SUIWERING VAN DIE GEURKOMPONENTE

DIE VERBINDINGS WAARVAN DIE GEURBYDRAE GEËVALUEER IS, IS D.M.V. PREPARATIEWE GASCHROMATOGRAFIE GESUIWER OM MOONTLIKE ONSUIWERHEDE TOT 'N MINIMUM TE BEPERK. DIE DREMPELWAARDES VAN DIE VERBINDINGS IS HIERNA IN 'N 10% ALKOHOL-WATERMENGSEL D.M.V. DIE VEELVOUDIGE VERSKILMETODE (CLAPPERTON(1974)) BEPAAL. INDIEN HIERDIE DREMPELWAARDES VAN DIESELFDE GROOTTE-ORDE WAS AS DIE MEER AKKURAAAT BEPAALDE DREMPELWAARDES WAT BESKIKBAAR IS (DE WET 1978), IS DIE SUIWERING VAN DIE KOMPONENT VIR HIERDIE STUDIE AS VOLDOENDE AANVAAR. DIE SUIWERING, VERAL INDIEN DIT GEDOEN WORD VOLGENS MEILGAARD (1975) SE VOORSKRIFTE, IS 'N BAIE TYDROWENDE PROSES.

HERHAALDE SUIWERING EN DREMPELWAARDEBEPALINGS VAN 'N ENKELE KOMPONENT KAN WEKE IN BESLAG NEEM. VIR DIE DOELEINDES VAN HIERDIE STUDIE IS DIE GEURSTOWWE SLEGS GEDEELTELIK GESUIWER, HOOFSAAKLIK OMDAT DAAR GEPOOG IS OM VAS TE STEL OF DIE VERBINDINGS HOEGENAAMD 'N EFFEK OP WYNKVALITEIT HET.

2.3. DIE MEDIA WAARBY DIE GEURKOMPONENTE GEVOEG IS

2.3.1. DIE SULTANAWYN

OM 'N REDELIKE NEUTRALE WYNMEDIUM SONDER ENIGE STERK DRUIFAROMA OF GISTINGSGEUR TE VERKRY, IS 'N WIT TAFELWYN BEREI VAN SULTANADRUIWE VAN CITRUSDAL (WARM STREEK). DIE GISTING IS DEURGEVOER MET SACCHAROMYCES CEREVISIAE 228 WAT DAARVOOR BEKEND IS DAT DIT 'N WYN MET 'N NEUTRALE GISTINGSBOEKET LEWER (VAN WYK (1978)). OM DIE VORMING VAN HOË KONSENTRASIES HOËRALKOHOLE TE VERHOED, IS DIE MOS, NADAT DIT BLINK AFGESAK IS, BY 15°C GEGIS, TOTDAT DIT DROOG WAS (RESSUIKER 1 G/L). DIE WYN IS NA KOUE STABILISASIE BY 0°C OPBERG OM VEROUDERING SOVEEL AS MOONTLIK TE VERTRAAG. DIE SULTANAWYN IS AANVANKLIK NET SOOS DIT BEREI IS, GEBRUIK EN DIE KOMPONENTE IS NA SUIWERING BYGEVOEG. REEDS VROEG WAS DIT DUIDELIK DAT DIE SULTANAWYN EFFENS ONGEBALANSEERD WAS SOOS BLYK UIT DIE GASCHROMATOGRAFIESE ANALISE (RAPP, HASTRICH EN ENGEL (1976) SOOS AANGEPAS DEUR MARAIS (1979)) DAARVAN (KYK TABEL 4). SO BV. WAS DIE DIE ISOAMIELASETAATKONSENTRASIE CA. 1,6 MG/L, TERWYL DIE

ETIELOKTANOAAATONSENTRASIE ONGEVEER 1,0 MG/L WAS. DIE SAMESTELLING VAN DIE ESTERKOMBINASIES EN -KONSENTRASIES WAT BY HIERDIE WYN GEVOEG IS, WORD IN TABEL 9 IN HOOFSTUK 3 GEGEE.

2.3.2. DIE KOMMERSIËLE WYNE

DIE ANDER WYNE WAT DEUR 'N GROOTHANDELAAR BESKIKBAAR GESTEL IS, WAS DRIE KOMMERSIËLE WYNE, NL. 'N DROË STEEN, 'N DROË WIT VERSNITWYN EN 'N DROË HANEPOOTWYN. HIERDIE WYNE IS, VANDAT DIT ONTVANG IS, TOTDAT DIT VERDER BEHANDEL EN GEËVALUEER IS, BY 0° C GEHOU.

2.3.3. DIE MET AKTIEWE KOOLSTOF BEHANDELDE WYNE

OMDAT DIE SULTANAWYN AS SODANIG ONGEBALANSEERD WAS, IS VERVOLGENS MET AKTIEWE KOOLSTOF GEËKSPERIMENTEER OM DIE GEUR VAN DIE BASISWYN TE VERLAAG. DIE RESULTATE WORD IN TABEL 10 AAGETOON. DIE BASISWYN WAT SO VERKRY IS, HET NIE AAN DIE VERWAGTING VOLDOEN NIE. 'N BETER METODE WAARVOLGENS ESTERS SELEKTIEF UIT DIE WYN VERWYDER IS, HET GOEIE RESULTATE GELEWER EN IS SOOS VOLG:

2.3.4. DIE MET FREON GEËKSTRAHEERDE WYNRESIDU

DIE WYN WORD BY 15°C IN 'N SKEITREGTER OPGESKUD MET FREON 11. NA ONGEVEER 5 TOT 10 MINUTE WORD DIE FREON AFGETAP. INDIEN 'N EMULSIE VORM, WORD DIT SAAM MET DIE FREON AFGETAP. DIE WYN :

FREON-VERHOUDING IS 9:1, MAAR DIE FREON WORD IN VYF GELYKE PORSIES VERDEEL EN ELKE PORSIE WORD AFSONDERLIK MET DIE WYN OPGESKUD EN AFGETAP. NA DIE EKSTRAKSIE WORD DIE WYN WAT NOG FREON BEVAT BY KAMERTEMPERATUUR D.M.V. 'N WATERSTRAAL GEËVAKUEER TOT ONGEVEER 2-3 MM HG, MET DIE DOEL OM VAN DIE FREON ONTSLAE TE RAAK. DIE EVAKUERING VEROORSAAK 'N GASONTWIKKELING IN DIE WYN WAT AS BORRELS SIGBAAR IS. WANNEER GEEN GASONTWIKKELING MEER SIGBAAR IS NIE, WORD DIE WYN AAN 'N REUKTOETS ONDERWERP, OM TE BEPAAL OF AL DIE FREON VERWYDER IS. DIE TYD WAT NODIG IS OM AL DIE FREON TE VERWYDER, WISSEL VAN WYN TOT WYN. 'N PERIODE VAN EEN TOT TWEE UUR WAS NORMAALWEG VOLDOENDE. NADAT 'N WYN GEËVAKUEER IS, IS DIT OORGEBRING IN 'N HOUER WAT VOORAF MET KOOLSUURGAS GEVUL IS EN DAN ONDER 'N KOOLSUURGASKOMBERS BY -4° C VIR TWEE TOT DRIE DAE OPGEBERG, ALVORENS DIT GEBRUIK IS.

2.4. DIE BEOORDELING VAN DIE WYNE

2.4.1. DIE BEOORDELAARS

OMDAT DIE BEOORDELINGS VIR HIERDIE STUDIE BEPERK WAS TOT GEUREVALUERING VIR KWALITEIT EN INTENSITEIT D.M.V. DIE NEUS, KON 'N HELE AANTAL WYNE IN 'N BETREKLIKE KORT TYD BEOORDEEL WORD. DAAR DIE ESTERS OP DIE DAG VAN DIE BEOORDELING TOEGEVOEG IS EN DIE DATA VAN NEGE BEOORDELINGS GERIEFLIK OP 'N PONSKAART INGESAMEL KON WORD, IS VOLSTAAN MET NEGE WYNE PER BEOORDELING EN EEN BEOORDELING

PER DAG. HIERDIE WYNE IS SOMS IN ENKELVOUD, SOMS IN DUPLIKAAT EN SOMS IN TRIPLIKAAT. AAN DIE BEOORDELAARS VOORGESIT.

DIE PANEEL WAT VIR DIE EVALUERING VAN DIE PROEWE GEBRUIK IS, IS SAAMGESTEL UIT PERSONE WAT GEREELD WYNE BEOORDEEL. TEEN DIE EINDE VAN HIERDIE STUDIE IS DIE WYNE BEOORDEEL DEUR 'N GROTER PANEEL AS WAT AANVANKLIK GEBRUIK IS. DIE PERSONE WAT BYGEBRING IS, IS NIE DIE BASIESE PANEEL ALMAL GEREELDE WYNBEOORDELAARS. TEN SPYTE HIERVAN IS GEVIND DAT HULLE SOMS BAIE VAN MEKAAR VERSKIL HET EN BY SOMMIGE GELEENTHEDE INKONSEKWENT WAS. EVALUERING VAN DIE PANEEL IS VOORTDUREND GEDOEN DEUR DIESELFDE MONSTERS TWEE TOT DRIE KEER AAN TE BIED. DEUR VOORTDURENDE PANEEL-EVALUERING IS DIT MOONTLIK OM GELEENTHEDE TE IDENTIFISEER WAAR 'N BEOORDELAAR HEELTEMAL INKONSEKWENT OPGETREE HET. DIT IS OPMERKLIK HOE DAT BEOORDELAARS TYDENS 'N BEOORDELINGSESSIE BAIE KONSEKWENT IS, MAAR DAN BY EEN WYNE 'N BAIE SWAK HERHALING TOON OP DIE DUPLIKAAT OF DIE TRIPLIKAAT. DIE BENADERING VAN HIERDIE STUDIE WAS OM HERHAALBARE GEURKWALITEITSVERSKILLE SOOS VEROORSAAK DEUR TOEVOEGING VAN VERSKILLENDE GEURKOMPONENTE TE PROBEER AANTOON EN NIE OM BAIE KLEIN VERSKILLE AAN TE DUI NIE. DAAR IS VOLSTAAN MET TWEE OF DRIE HERHALINGS VAN MONSTERS EN MET 'N PANEEL VAN 10 TOT 15 PERSONE. DIE STELSEL SOU VERGELYKBAAR WEES MET DIE WAT NORMAALWEG TYDENS WYNBEOORDELINGS GEBRUIK WORD, SODAT DIE GRAAD VAN DIE GEURVERSKILLE VERGELYKBAAR SOU KON WEES MET WAT BY GEWONE BEOORDELINGS GEVIND WORD.

2.4.2. BEOORDELINGSMETODES

DIE BEOORDELINGSMETODES WAT IN HIERDIE STUDIE GEBRUIK IS, IS DIE VOLGENDE:

- 1) RANGORDEBEOORDELINGS
- 2) VEELVULDIGE VERSKILMETODE VIR DREMPELWAARDEBEPALINGS
- 3) GEPAARDE VERSKILMETODE
- 4) AANGEPASTE HEDONIESE SKAAL
- 5) 'N KOMBINASIE VAN DIE VEELVOUDIGE VERSKIL-EN DIE GEPAARDE VERSKILMETODES

DIE BEOORDELING VOLGENS DIE KOMBINASIE VAN DIE VEELVOUDIGE VERSKIL EN DIE GEPAARDE VERSKILMETODES BEHELS DAT DIE WYNE EEN VIR EEN MET 'N KONTROLE VERGELYK WORD, MAAR DIT VERSKIL VAN DIE GEPAARDE VERSKILMETODE DAARIN DAT DIE VESKIL TUSSEN DIE WYN EN DIE KONTROLE OP 'N SKAAL SOOS BY DIE VEELVULDIGE VERSKILMETODE AANGEDUI WORD.

DIE INSTRUKSIES VIR DIE BEOORDELING WAS SOOS VOLG:

INSTRUKSIES VIR BEOORDELING

BRING ASSEBLIEF OP DIE PONSKAART DIE VOLGENDE INLIGTING SOOS VOLG AAN:

KOLOM 2 EN 4 (DIT IS DIE EERSTE TWEË KOLOMME) U BEOORDELINGS-NOMMER.

DIE VOLGENDE TWEË KOLOMME (D.I. KOLOMME 6 EN 8) WORD GEBRUIK VIR DIE EERSTE WYNNOMMER SOOS OP DIE GLAS AANGETOON IS. VERGELYK DAN DIE WYN WAT U ONTVANG MET DIE KONTROLEWYN (DIE GLAS IS MET 'N K GEMERK) EN DUI DAN U BEVINDING IN DIE VOLGENDE KOLOM (D.I. KOLOM 10) AAN DEUR GEBRUIK TE MAAK VAN DIE ONDERSTAANDE PUNTESKEMA:

GEURINTENSITEIT:

BAIE MINDER INTENS AS KONTROLE	1 OF 2
MATIG MINDER INTENS AS KONTROLE	3
MINDER INTENS AS KONTROLE	4
SELFDE INTENSITEIT AS KONTROLE	5
MIN MEER INTENS AS KONTROLE	6
MATIG MEER INTENS AS KONTROLE	7
BAIE MEER INTENS AS KONTROLE	8 OF 9

KWALITEIT:

BAIE SWAKKER AS KONTROLE	1 OF 2
MATIG SWAKKER AS KONTROLE	3
MIN SWAKKER AS KONTROLE	4
SELFDE KWALITEIT AS KONTROLE	5
MIN BETER AS KONTROLE	6
MATIG BETER AS KONTROLE	7
BAIE BETER AS KONTROLE	8 OF 9

U DOEN DAN DIESELFDE MET DIE VOLGENDE WYN IN KOLOMME 14 TOT 20 ENS. VOLGENS HIERDIE SISTEEM KAN U DIE PUNTE VAN NEGE WYNE OP DIESELFDE KAART PONS. MAAK SEKER DAT U IN KOLOM 76 EINDIG, D.W.S. DAT U GEEN KOLOM OORGESLAAN HET NIE EN OOK NIE TWEEMAAL IN DIESELFDE KOLOM GEPONS HET NIE.

BAIE DANKIE VIR U GEDULD EN ONDERSTEUNING WAARSONDER HIERDIE POGING NIE KAN SLAAG NIE.

DIE INSTRUKSIES VIR DIE BEOORDELING MET DIE AANGEPASTE HEDONIESE
SISTEEM WAS SOOS VOLG:

INSTRUKSIES VIR BEOORDELING

BRING ASSEBLIEF OP DIE PONSKAART DIE VOLGENDE INLIGTING SOOS
VOLG AAN:

1. KOLOM 2 EN 4 (DIT IS DIE EERSTE TWEE KOLOMME) U BEOORDELINGS-
NOMMER.
2. DIE VOLGENDE TWEE KOLOMME (D.I. KOLOMME 6 EN 8) WORD GEBRUIK
VIR DIE EERSTE WYNNOMMER SOOS OP DIE GLAS AANGETOON IS.
3. KEN 'N PUNT AAN DIE WYN TOE VIR GEURINTENSITEIT VOLGENS DIE
SKAAL
HIERONDER EN DUI DIE PUNT IN DIE VOLGENDE KOLOM (D.I. KOLOM 10)
AAN.

GEURINTENSITEIT:

BAIE SWAK	1	
SWAK	3	
MATIG	5	U MAG OOK 2, 4, 6 EN 8 GEBRUIK
STERK	7	INDIEN U VOEL DAT U 'N WAARDE
BAIE STERK	9	TUSSEN-IN WIL INVOEG.

4. KEN 'N PUNT AAN DIE WYN TOE VIR KWALITEIT VOLGENS DIE SKAAL
HIERONDER
EN DUI DIE PUNT IN KOLOM 12 AAN.

KWALITEIT:

BAIE SWAK	1	
SWAK	3	
REDELIK (GEM.)	5	U MAG OOK 2, 4, 6 EN 8 GEBRUIK
GOED	7	INDIEN U VOEL DAT U 'N WAARDE
BAIE GOED	9	TUSSEN-IN WIL INVOEG.

5. HERHAAL STAPPE TWEE TOT VYF VIR DIE VOLGENDE WYN ENS.

VOLGENS HIERDIE SISTEEM KAN U DIE PUNTE VAN NEGE WYNE OP DIESELFDE
KAART PONS. MAAK SEKER DAT U IN KOLOM 76 EINDIG, D.W.S. DAT U
GEEN KOLOM OORGESLAAN HET NIE EN OOK NIE TWEEMAAL IN DIESELFDE
KOLOM GEPONS HET NIE.

BAIE DANKIE VIR U GEDULD EN ONDERSTEUNING WAARSONDER HIERDIE
POGING NIE KAN SLAG NIE.

DIE WYNE IS GEKODIFISEER EN DIE KODES IS OP KAARTJIES AANGEBRING. HIERDIE KAARTJIES IS DAN GESKOMMEL EN DIE KODES OP 'N TOEVALLIGE WYSE AAN DIE VERSKILLENDE BEOORDELAARS TOEGEKEN. DIE VOLGORDE WAARIN DIE KODES AAN DIE BEOORDELAARS TOEGEKEN IS, WAS DIE VOLGORDE WAARIN DIE WYNE BEOORDEEL IS. IN DIE REEKS BEOORDELINGS WAAR VAN 'N TWEDE PANEEL (15 LEDE) GEBRUIK GEMAAK IS, IS BY ELKE BEOORDELING 'N STEENWYN AS DIE EERSTE WYN AANGEBIED.

DIE GROOTSTE BESWAAR TEEN DIE NEGE PUNT-INDELING IS DAT DIT 'N KATEGORIESKAAL IS. DIE BEPALING VAN 'N GEMIDDELDE WAARDE EN GEWONE ANALISE VAN VARIANSIE IS DAN NIE OP BEHOORLIKE TEORIE GEGROND NIE, HOOFSAAKLIK OMDAT DIE BEOORDELAARS WEGSKRAM VAN DIE UITERSTES OP DIE SKAAL EN DIE INTERVALLE TUSSEN TWEЕ WAARDES NIE ALTYD EWE GROOT IS T.O.V. KWALITEIT EN INTENSITEIT NIE. DIE DATA IS GEVOLGLIK NIE NORMAAL VERDEEL NIE (MOSKOWITZ(1977)). DIE STATISTIESE VERWERKINGS BEHOORT DAN OP 'N NIE-PARAMETRIESE MANIER GEDOEN TE WORD. DIE NIE-PARAMETRIESE VERWERKING BEHELС 'N AFGELEIDE RANGORDE EN MAAK DIT FISIES ONMOONTLIK OM AL DIE WYNE MET MEKAAR TE VERGELYK. MOSKOWITZ (1977) BEPLEIT DIE GEBRUIK VAN 'N VERHOUDINGSKAAL WAT BASIES 'N VERGELYKINGSMETODE IS EN DIE KWALITEIT OF INTENSITEIT VAN 'N GEUR IN TERME VAN 'N ANDER GEUR UITDRUK.

OM DIE GEBRUIK VAN PARAMETRIESE VERWERKINGSMETODES (SNEDECOR EN COCHRAN (1976)) IN HIERDIE STUDIE TE REGVERDIG, KAN DIE VOLGENDE GEMELD WORD:

- 1) DIE MEES ALGEMENE BEOORDELINGSMETODES WAT IN SUID-AFRIKA EN IN ANDER WYNLANDE GEBRUIK WORD, IS PUNTESKALE WAAROP PUNTE AAN DIE ONDERSKEIE EIENSKAPPE TOEGEKEN WORD. DIE GEMIDDELDE WAARDE, SOOS BEPAAL DEUR 'N AANTAL BEOORDELAARS, WORD DAN GENEEM AS 'N MAATSTAF VAN VERGELYKING VIR DIE WYNE.
- 2) DIE GEVOLGTREKKINGS WAT GEMAAK WORD UIT DIE DATAVERWERKINGS, SOOS IN HIERDIE STUDIE UITEENGESIT WORD, STEM IN 'N BAIE GROOT MATE OOREEN MET DIE GEVOLGTREKKINGS WAT GEMAAK WORD, INDIEN DIE DATA OP 'N NIE-PARAMETRIESE WYSE VERWERK WORD. (METODE VAN FRIEDMAN (SIEGEL(1956), NIE EN HULL (1977))). DIESELFDE AFLEIDINGS IS GEMAAK TOE DIESELFDE WYNE DEUR DIE BEOORDELAARS IN 'N RANGORDEBEOORDELING VOLGENS VOORKEUR GEPLAAS IS.

'N VERSKIL WORD IN HIERDIE STUDIE AS STATISTIES BEDUIDEND AANVAAR, INDIEN DIE WAARSKYNNLIKHEID DAT 'N HERHALING VAN DIE EKSPERIMENT DIESELFDE RESULTAAT SAL LEWER, 90% IS EN DIT WORD AANGETOON AS $P=0.10$, TERWYL $P=0.05$ AS HOOGS BETEKENISVOL AANVAAR WORD EN $P=0.01$ AS BAIE HOOGS BETEKENISVOL. NORMAALWEG WORD NA $P=0.001$ AS BAIE HOOGS BETEKENISVOL VERWYS. DIE DRIE PEILE VAN BETEKENISVOLHEID SOOS DIT HIER GEDEFINIEER IS, SAL DEURGAANS GEBRUIK WORD WANNEER VERSKILLE BESPREEK WORD.

2.5. VERWERKING VAN DIE DATA

DIE DATAVERWERKING IS MET BEHULP VAN DIE UNIVAC-REKENAAR VAN DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH GEDOEN. DIE PAKETTE WAT VIR DIE STATISTIESE VERWERKINGS GEBRUIK IS, IS SPSS ('STATISTICAL PACKAGES FOR THE SOCIAL SCIENCES') EN NEW SPSS. EERSGENOEMDE PAKET IS DEUR NIE, HULL, JENKINS, STEINBRENNER EN BENT (1975) SAAMGESTEL, TERWYL LAASGENOEMDE DEUR NIE EN HULL (1977) OPGESTEL IS.

2.6. ONTLEDINGSMETODES

DIE VOLGENDE ONTLEDINGS IS OP DIE WYNE GEDOEN:

- 1) ALKOHOL - PIKNOMETRIES. PURE AND APPLIED CHEMISTRY 17(2), 274 - 311 (1968).
- 2) VRY EN TOTALE SWAWELDIOKSIED - RIPPER METODE. WINE AND MUST ANALYSIS. AMERINE, M.A. & OUGH, C.S., JOHN WILEY & SONS, NEW YORK, PP. 119.
- 3) TOTALE SUUR - TITREER MET 0,13 N NAOH POTENSIOMETRIES TOT PH 8.
- 4) VLUGTIGE SUUR - METHODS OF ANALYSIS OF THE A.O.A.C. 11, 187 (1970). I.P.V. DIE 'CASH ELECTRIC STILL' WORD DIE JAULMESS-APPARAAT GEBRUIK.
- 5) TOTALE ESTERS - METHODS OF ANALYSIS OF THE A.O.A.C. 11, 150 (1970). I.P.V. 100 ML DISTILLAAT WORD 50 ML GEBRUIK EN DIE KONSENTRASIE VAN DIE NATRIUMHIDROKSIED IS 0.03N I.P.V. 0.1N.
- 6) HOËRALKOHOLE - CHEMIESE METODE. WINE AND MUST ANALYSIS. AMERINE, M.A. & OUGH, C.S., JOHN WILEY & SONS, NEW YORK, PP. 119.
- 7) PH MET 'N PH-METER WAT GEKALIBREER IS MET 'N BUFFER BY PH 4.

HOOFSTUK 3

3. RESULTATE EN BESPREKING

3.1. DIE SUIWERHEID EN DREMPELWAARDES VAN DIE KOMPONENTE WAT TOEGEVOEG IS

DIE DREMPELWAARDES VAN DIE GASCHROMATOGRAFIES GESUIWERDE KOMPONENTE IS SLEGS ROFWEG D.M.V. DIE VEELVULDIGE VERSKILMETODE (CLAPPERTON(1974) BEPAAL EN AANGESIEN DIE GROOTTEORDE DAARVAN IN OOREENSTEMMING WAS MET DIE DREMPELWAARDES, SOOS MET BEHULP VAN DIE DRIEHOEKSMETODE DEUR DE WET(1978) BEPAAL IS, IS HIERDIE GESUIWERDE VERBINDINGS SONDER VERDERE SUIWERING GEBRUIK. TABEL 2 TOON DIE PERSENTASIE SUIWERHEID EN DIE DREMPELWAARDES VAN HIERDIE VERBINDINGS.

DIE SUIWERHEID VAN DIE VERBINDINGS IS VAN KRITIESE BELANG BY DIE VASSTELLING VAN, OF DIE DREMPELWAARDES, OF DIE GEURINDRUK DAARVAN IN 'N BEPAALDE MEDIUM. MEILGAARD(1975) NOEM DAT DIE DREMPELWAARDES VAN 227 VERBINDINGS WAT HULLE BESTUDEER HET, VERSKIL TOT 2×10^2 SODAT DIT NIE VERBASEND IS DAT VERBINDINGS WAT MINDER AS 1% ONSUIWERHEDE BEVAT, ORGANOLEPTIES ONSUIWER BEVIND IS NIE.

DIE GEURE VAN DIE VERBINDINGS WAT IN HIERDIE STUDIE GEBRUIK IS, IS

KENMERKEND DIE GEURE VAN HIERDIE VERBINDINGS SOOS DIT IN DIE LITERATUUR BESKRYWE WORD (MEILGAARD (1975)).

TABEL 2. DIE SUIWERHEID EN DREMPELWAARDES VAN DIE ESTERS EN ALKOHOLE WAT GEEVALUEER IS

KOMPONENT	1) % SUIWERHEID	2) DREMPELWAARDE
ISOAMIELASETAAT	99,420	0,16
N-HEKSELASETAAT	99,289	0,67
2-FENETIELASETAAT	99,241	1,80
ETIELASETAAT	99,75	12,27
ETIELHEKSANOAT	99,762	0,08
ETIELOKTANOAT	99,614	0,58
ETIELDEKANOAT	98,688	0,51
ISOAMIELALKOHOL	98,499	14,52
ISOBUTANOL	99,365	228,00

1) GASCHROMATOGRAFIES BEPAAL.

2) VOLGENS DE WET (1978).

3.2. ONTESTERING EN WYNSAMESTELLING

IN TABEL 3 WORD DIE ALGEMENE ONTLEDINGSDATA VAN DIE SULTANA, ONTESTERDE SULTANA EN ONTESTERDE SULTANA + ESTERS GEGEE. DIE DOEL VAN DIE ONTLEDINGS WAS HOOFSAAKLIK OM VAS TE STEL WAT DIE UITWERKING VAN DIE ONTESTERINGSPROSES OP DIE WYNSAMESTELLING IS. DIT LYK ASOF DIE PROSES AS SODANIG 'N BAIE MILDE BEHANDELING WAS, DAAR DIE VRY EN TOTALE SWAWELDIOKSIEDGEHALTES NIE VEEL VERANDER HET NIE. DAAR KAN DUS AANGENEEM WORD DAT DIE KONDISIES WAT TYDENS DIE EKSTRAKSIE VAN DIE ESTERS EN DIE EVAKUERING VAN DIE WYN HEERS, GENOEGSAME BESKERMING TEEN SUURSTOFOPNAME VERSKAF. DIE ENIGSTE WERKLIKE VERSKILLE WAT OPGEMERK WORD, IS DIE AFNAMES IN VLUGTIGE

SUUR, HOËRALKOHOLE EN DIE DRASTIESE VERMINDERING IN DIE ESTERS. DAAR WORD NA DIE EKSTRAHERING VERWYS AS 'N ONTESTERINGSPROSES, HOOFSAAKLIK A.G.V. LAASGENOEMDE AFNAME. ORGANOLEPTIESE EVALUERING VAN DIE BEHANDELDE WYNE VIR GEURINTENSITEIT EN -KWALITEIT HET OOK GETOON DAT HULLE BAIE MIN GEUR GEHAD HET, DOG ORIGENS NIE WESENTLIK BEÏNVLOED IS NIE.

TABEL 3. DIE VERGELYKENDE SAMESTELLING VAN DIE SULTANA,
ONTESTERDE SULTANA EN ONTESTERDE SULTANA MET
ESTERTOEVOEGINGS

WYN	: ALKOHOL	: V.SO ₂	: T.SO ₂	: PH	: T.SUUR	: V.SUUR	: T.ESTERS	: H.ALKOHOLE
11/09/78								
SULT.	: 13,91	: 25	: 96	: 3,41	: 4,60	: 0,26	: 111,9	: 160
O.S.	: 13,89	: 25	: 102	: 3,39	: 4,60	: 0,18	: 23,6	: 139
21/12/78								
SULT.	: 13,92	: 29	: 95	: 3,36	: 4,50	: 0,23	: NB	: NB
O.S.	: 13,69	: 26	: 93	: 3,35	: 4,40	: 0,19	: NB	: NB

SULT. = SULTANA
O.S. = ONTESTERDE SULTANA
V.SO₂ = VRY SWAWELDIOKSID
T.SO₂ = TOTALE SWAWELDIOKSID
V.SUUR = VLUGTIGE SUUR
T.SUUR = TOTALE VASTE SUUR
T.ESTERS = TOTALE ESTERS
H.ALKOHOLE = TOTALE HOËRALKOHOLE
NB = NIE BEPAAL NIE

OM TE BEPAAL IN WATTER MATE DIE ONTESTERINGSPROSES DIE
KONSENTRASIES VAN DIE ESTERS EN HOËRALKOHOLE, WAT IN HIERDIE
STUDIE GEBRUIK IS, BEÏNVLOED HET, IS DIE WYNE GASCHROMATOGRAFIES
ONTLEED. HIERDIE ONTLEDINGSRESULTATE VERSKYN IN TABEL 4. DRIE
WYNE WAT MET FREON BEHANDEL EN DAARNA GEËVAKUEER IS, IS ONTLEED.
DIE SULTANAWYN HET DEURGAANS MOEILIKER GEËKSTRAEER, A.G.V. 'N
GROTER GENEIGDHEID TOT EMULSIEVORMING AS DIE STEEN OF DIE
HANEPOOTWYNE. UIT DIE TABEL IS DIT OPMERKLIK DAT DIE ESTERAFNAME

IN DIE STEEN EN DIE HANEPootWYNE BAIE GROTER WAS AS BY DIE SULTANAWYN, IN SO 'N MATE DAT DIE ESTERS BYNA TOTAAL UIT EERSGENOEMDE TWEE WYNE VERWYDER IS, TERWYL DAAR BY DIE SULTANAWYN SLEGS 'N GROOT AFNAME ONDERVIND IS. DIE PROSES HET DIE GEURKWALITEIT VAN DIE STEEN DRASTIES BEÏNVLOED SOOS LATER GESIEN SAL WORD ONDER DIE BESPREKING VAN DIE ESTERTOEOVOEGINGS BY DIE ONTESTERDE WYNE.

TABEL 4. DIE SAMESTELLING VAN SOMMIGE VAN DIE PROEFWYNE SOOS
GASCHROMATOGRAFIES OP VERSKILLENDE TYE BEPAAL

WYN	:EA	:IBO	:IAA	:IAO	:EC6	:NHA	:NHO	:EC8	:EC10	:2FEA	:2FE0
	:MG/L	:MG/L	:MG/L	:MG/L	:MG/L	:MG/L	:MG/L	:MG/L	:MG/L	:MG/L	:MG/L
12/07/78:	:	:	:	:	:	:	:	:	:	:	:
SULTANA	:28,8	:24,5	:1,59	:132	:0,72	:0,06	:0,79	:1,00	:0,37	:0,08	:9,32
21/09/78:	:	:	:	:	:	:	:	:	:	:	:
SULTANA	:34,4	:28,3	:1,78	:129	:0,82	:0,07	:0,89	:1,10	:0,33	:0,06	:8,55
0.SULT.	:27,3	:27,5	:0,75	:122	:0,28	:0,02	:0,79	:0,35	:0,20	:0,03	:7,79
STEEN.	:58,3	:22,6	:3,74	:108	:0,59	:0,27	:1,35	:1,36	:0,48	:0,35	:9,52
STEEN.	:55,5	:19,1	:3,73	:100	:0,57	:0,26	:1,21	:1,24	:0,50	:0,36	:8,77
0.STEEN.	:22,2	:15,5	:0,21	:77	:TK	:TK	:0,65	:0,12	:TK	:0,33	:7,36
0.STEEN.	:31,0	:23,5	:0,32	:108	:0,05	:TK	:0,92	:0,24	:TK	:0,36	:10,4
HANEPT	:46,3	:11,6	:3,23	:88	:0,52	:0,19	:0,80	:1,20	:0,40	:0,20	:8,35
HANEPT	:57,0	:18,0	:3,30	:105	:0,52	:0,18	:0,82	:1,10	:0,39	:0,17	:8,20
0.HANEPT	:26,9	:12,7	:0,32	:87	:TK	:TK	:0,45	:TK	:TK	:0,29	:8,00
0.HANEPT	:20,4	:12,5	:0,21	:67	:TK	:TK	:0,27	:TK	:TK	:0,12	:5,25
13/10/78:	:	:	:	:	:	:	:	:	:	:	:
SULTANA	:25,9	:13,0	:2,12	:131	:0,68	:0,08	:0,86	:1,46	:0,38	:0,08	:9,62
0.SULT.	:24,3	:14,6	:1,27	:115	:0,37	:TK	:0,75	:0,72	:0,11	:TK	:7,32
0.S.E.	:19,3	:11,9	:5,06	:114	:0,59	:0,30	:0,74	:1,42	:0,26	:TK	:8,47

EA = ETIELASETAAT
 IBO = ISOBUTANOL
 IAA = ISOAMIELASETAAT
 IAO = ISOAMIELALKOHOL
 EC6 = ETIELHEKSANOAT
 NHA = N-HEKSIELASETAAT
 NHO = N-HEKSIELALKOHOL
 (VERVOLG OP DIE VOLGENDE BLADSY)

EC8 = ETIELOKTANOAAAT
EC10 = ETIELDEKANOAAAT
2FEA = 2-FENETIELASETAAT
2FEO = 2-FENETIELALKOHOL
O.SULT. = ONTESTERDE SULTANA
O.S.E. = ONTESTERDE SULTANA PLUS ESTERS
O.STEEN = ONTESTERDE STEEN
HANEPT = HANEPOOT
O.HANEPT = ONTESTERDE HANEPOOT
TK = TE MIN OM TE REGISTREER.

DIE WYNE WAARVAN DIE ONTLEDINGS GEGROEPEER IS, IS
DUPLIKAATEKSTRAKSIES VAN DIESELFDE WYN EN TOON DIE VARIASIE WAT IN
EKSTRAKSIES KAN VOORKOM. DIE VARIASIE BY ETIELASETAAT EN
ISOBUTANOL IS BAIE GROOT.

3.3. EVALUASIE VAN DIE BEOORDELINGSMETODE EN DIE -PANEEL

3.3.1. DIE GEPAARDE VERSKILMETODE

AANGESIEN DAAR, SOOS IN TABEL 9 AANGETOON WORD, HEELWAT VARIASIE
TUSSEN DIE BEOORDELAARS WAS EN VERAL NIE OOREENSTEMMING WAS BY DIE
WYNE WAARBY GEURKOMPONENTE GEVOEG IS NIE, IS DRIE BASISWYNE GENEEM
EN IN VERSKILLENDIGE VERHOUDINGS MET MEKAAR VERSNY. IN TABELLE 5 EN
6 WORD DIE MINIMUM-, GEMIDDELDE- EN MAKSIMUMWAARDES SOWEL AS DIE
STANDAARDAFWYKINGS WAT VERKRY IS, UITGEBEELD. DIE MINIMUM -EN
MAKSIMUMWAARDES TOON DAT OOK MET HIERDIE WYNE DAAR GROOT VARIASIE
TUSSEN DIE PANEELLEDE WAS. DIE STANDAARDAFWYKINGS VAN TUSSEN EEN
EN TWEE EENHEDE IS BAIE GROOT VIR 'N SKAAL VAN NEGE EENHEDE. DIE
BEOORDELINGSMETODE WAT GEBRUIK IS, WAS DIE GEPAARDE VERSKILMETODE
EN DIE KOMMERSIËLE VERSNIT IS AS VERGELYKINGS- EN VERSTEEKTE

KONTROLE GEBRUIK. SELFS VIR HIERDIE VERSTEEKTE KONTROLE IS 'N MAKSIMUMWAARDE VAN AG EN 'N MINIMUMWAARDE VAN TWEE VERKRY. DIE DATA IN TABEL 6 IS VERKRY DEUR DIESELFDE WYNE IN DUPLIKAAT VIR 12 BEOORDELAARS AAN TE BIED, TERWYL DIE DATA IN TABEL 5 DEUR 'N EENMALIGE BEOORDELING MET 17 BEOORDELAARS VERKRY IS. IN DIE LITERATUUR (MAHONEY, STIER EN CROSBY (1957) WORD GENOEM DAT CA. 60 HERHALINGS (BEOORDELINGS) VAN INGEMAAKTE VRUGTEMONSTERS NODIG WAS OM BAIE HOOGS BETEKENISVOLLE VERSKILLE TE KON AANTOON. DIT BETEKEN DUS DAT ELKE MONSTER VIERMAAL DEUR 15 BEOORDELAARS OF VYFMAAL DEUR 12 BEOORDELAARS BEOORDEEL MOET WORD, SOOS MEESTAL IN GEVAL VAN DREMPELWAARDEBEPALINGS GEDOEN WORD (SALO(1970), MEILGAARD(1975) EN DE WET (1978)). DIESELFDE RESULTAAT KAN EGTER REEDS MET MINDER BEOORDELINGS VERKRY WORD INDIEN GROOT VERSKILLE TUSSEN DIE BEHANDELINGS BESTAAN. OM KLEINER VERSKILLE TE KAN AANTOON, IS MEER HERHALINGS NODIG, MAAR DAN WORD GEPOOG OM VERSKILLE MET STATISTIEK AAN TE TOON, WAT NIE NOODWENDIG VOORSPELLINGSWAARDE HET NIE.

TABEL 5. 'N VERGELYKING VAN DRIE WYNE EN VERSKEIE VAN HULLE
 VERSNITKOMBINASIES T.O.V. GEURKWALITEIT EN
 -INTENSITEIT

BEHANDELING	:EIENSKAP:	AANTAL:	GEMID	:S	AFW	:MAKS:	MIN:	SKEEF	:KURT:
:	:	:	:	:	:	:	:	:	:
K.VERSNIT	KWAL	17	4.76	1.56	8	2	.20	-.44	
	INT	17	5.18	1.59	8	2	-.10	-.61	
STEEN	KWAL	17	5.47	1.91	8	2	-.48	-.67	
	INT	17	5.94	1.89	8	1	-1.53	1.63	
SULTANA	KWAL	17	4.12	1.05	6	3	.75	-.52	
	INT	17	6.06	1.52	8	3	-.98	-.30	
70% K.VERSNIT	KWAL	17	5.00	1.41	8	3	.55	-.48	
+ 30% STEEN	INT	17	5.24	1.03	7	3	-.13	-.06	
